

6 Mei

Efesiërs 6:10-20 (6:10)

### ***Soek jou krag in die Here***

Ken jy daardie ellendige gevoel dat Satan jou in die hoek vasdruk? Ons ervaar dit almal, want ons struikel almal dikwels. Jy het 'n dodelike vyand in Satan en sy massa engele wat hom bystaan. Paulus draai nie doekies om as hy die vyand beskryf nie. Satan het die hele sondige wêreld in sy mag. Hy en sy engele wat hom bystaan is bonatuurlike wesens. Op die oog af lyk dit na 'n baie ongelyke stryd. Wie is jy per slot van rekening? Enige mens wat eerlik met homself is, sal erken dat hy 'n swak mens is. Jakobus sê met groot nadruk: Ons struikel almal in baie opsigte (Jak 3:2). Jy onthou seker die woorde van die Kategismus: Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat (antw. 5). Ons speel van nature in die hand van Satan. Die stryd teen Satan is nooit 'n gevaarlike stryd nie. Paulus gebruik vir die woord stryd 'n stoeiterm. In die 1953-vertaling is dit heel gepas vertaal met worstelstryd. In ons eerlike selfondersoek voel ons dikwels dat Satan die oorhand het.

As Satan en sy engele ons alleen kry sal hy ons inderdaad met die grootste impak opfrommel. Maar gelukkig, deur Jesus Christus het ons 'n heerlike band met die grootste mag wat die wêreld ken: God. Daarom is Paulus se advies vir almal wat hierdie geestelike worstelstryd wil oorleef, kort en kragtig: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag (Ef. 6:10). Dit is ons troos. Die Here is oneindig kragtiger as Satan. As ons gelowig gehoorsaam aan God lewe, gebeur daar iets groots in ons lewe. Ons deel in dieselfde krag waarmee God Christus uit die dood opgewek het (Ef. 1:19, 20). En hierdie Jesus Christus wat Satan uit die hemel uitgegooi het, is magtiger as enige bose mag of vorm van gesag. In hierdie worstelstryd sal ons beslis nie beskaamd staan nie!

Ds. A.P.C. Duvenage (Emeritus)